



In hierdie uitgawe:

- ◆ **Woord deur die voorsitter** p1
 - ◆ **Nuwe termyn van die Nasionale Raad** p3
 - ◆ **Is privaatonderrig in Afrikaans haalbaar?** p3
 - ◆ **GelykeKanse - Fondsinsameling vir Afrikaans** p5
 - ◆ **Watter demokrasie het ons nou?** p7
 - ◆ **Hoe om ideologie te verstaan** p9
 - ◆ **Brokkies en geleenthede** p11
- ◆ **Die geskiedenis van fisika in SA** ◆ **4 x 4 Geskiedenis Toer**
◆ **KKNK Ontbyt - Oudtshoorn** ◆ **Vrugtefees - Malmesbury**

Woord deur die Voorsitter

Deur Jaco Schoeman, Voorsitter van die Nasionale Raad

Om Afrikaner te wees plaas 'n mens in 'n minderheidsgroep binne 'n veelheid van minderhede. Die dilemma is dat ons as Afrikaners besonder lojaal is aan die land, verknog is aan die grond en ons taal met al sy verbruikers koester. Omdat ons so passievol is oor die uitlewing van ons taal en kultuur, het dit ons 'n teiken van die regering gemaak met allerhande gevolge, waaronder dat hulle ons grond wil wegneem. Ons taal word beide deur die regering en diegene wat nie erns het met Afrikaans nie, ook in ons geledere, op die altaar van politieke korrektheid geplaas. Omdat ons lojaal is aan die land, bring dit ons in konflik met die regering omdat ons krities staan jeens die vernietigende ideologie van die regering.

Dit is juis hierdie ideologie wat deur nuwe rassisme tot uiting kom wat die kwessie van grondbesit na vore bring. Die valse beskuldigings deur haatspraak dat grond gesteel is en dat grond regmatig net aan die swart bevolking behoort, verg verdere en dringende aandag. Afrikaners het hul grond op eerbare wyse verkry, het die grond ontwikkel, infrastruktuur gevestig en voedsel produseer. Hulle het hulself, selfs hul taal vernoem na die kontinent waarin hul geboorteland is. Boonop het hul vaardighede so ontwikkel dat hulle as van die wêreld se beste landbouers gesien word en gesog is in verskeie wêrelddele, veral ook in Afrika. Hulle knap vaardighede met landbou opheffing en voedselsekerheid word wyd erken, maar in Suid-Afrika word dit vir hulle al moeiliker gemaak. Afrikaners het ook die grootste vryheidsoorlog tot op datum binne die grense van hierdie land teen koloniale oorheersing geveg. Vanuit die verlede kan bittermin indien enige volhoubare landbouontwikkeling of infrastruktuur gevind word van voor die koms van die Afrikaner.

Daarom moet ons waak teen die vergrype teen elke minderheidsgroep wat so gereeld vanuit politieke denkstrome gehoor word. Afrikaners word opgestel as teikens, saam met andere wat Suid-Afrika oor dekades maar ook eeue hulle tuiste gemaak het. Mens hoef nie ver te gaan soek om kritiek wat grens aan rassisme te hoor teenoor Afrikaners, teenoor Jode, Indiërs, Chinese en ander nie. Xenofobiese aanvalle op nie-Suid-Afrikaners is ook 'n vergestaltung hiervan sowel as die etniese stamkonflikte wat sporadies in Limpopo ontvlam.

Afrikaners word opgestel as teikens, saam met andere wat Suid-Afrika oor dekades maar ook eeue hulle tuiste gemaak het.

Ons moet ons stem voeg by die uiterste kommer oor die vlag van plaasaanvalle. Daar was reeds veelvuldig meer en wreder plaasmoorde en aanvalle as sterftes in die apartheidstryd, die stryd op die grense van Suid Afrika in die 70's tot die 90's of selfs baie internasionale oorloë. Die Afrikanerbond vind hierdie situasie uiters ern-

(Vervolg op p2)

As Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid-Afrika

Woord deur die Voorsitter (verv)

stig en stel sy strukture, leierskap en kundigheid beskikbaar aan al die inisiatiewe om geweld te stuit. Om slegs die oë toe te maak vir hierdie misdaad kan nie langer geduld word nie. Die blote feit dat selfs 'n debat in die parlement oor hierdie krisis nie toegelaat is nie bevestig die vermoedens van onwilligheid, wanbegrip of selfs moedswilligheid wat verder versterk word deur die gebrekkige optrede van die regering.

Diversiteit wat in Suid-Afrika as taal, kultuur en geloofsgemeenskappe gedefinieer word is veronderstel om erkenning en ondersteuning te ontvang. Dit word wel oral ter wêreld as minderheidsregte bevorder en beskerm, maar in Suid-Afrika word dit ontken. Diversiteit is en bly 'n gewone in Suid-Afrika, maar ons praat net daaroor. Pogings om dit te bevorder word gerieflik afgemaak as rassisme en teen die gees van nasiebou en eenheid. Die Suid-Afrikaanse werklikheid word geïgnoreer en die spanning word tydelik toegesmeer.

Pogings om diversiteit te bevorder word gerieflik afgemaak as rassisme en teen die gees van nasiebou en eenheid.

Ons het tydens ons onlangse vergadering van die Nasionale Raad gepraat oor die nuwe-rassisme wat met politieke agendas bevorder en aangestook word. Ons het reeds vantevore gewaarsku dat mnr Zuma in persoon en elemente in die regerende party besig is om die Suid-Afrikaanse samelewing te verdeel en dat die aksies en optredes 'n gevaarlike roete is vir die land en die grondwetlike demokrasie.

Minderhede oor die algemeen voel nog meer gemarginaliseer as tevore en ervaar ons daagliks dat daar 'n groter vervreemding is tussen gemeenskappe, maar veral tussen die burgerlike gemeenskap en die regering. Daarom is dit belangrik dat minderhede mekaar begin vind en dan gemeenskaplikhede kan vind waarbinne gesprek gevoer kan word met die regering. Uitgangspunte wat van kardinale belang is sluit in:

- Dat die diverse Suid-Afrikaanse gemeenskappe lojiaal is aan Suid-Afrika en daarom wil sien dat Suid-Afrika suksesvol geregeer word;
- Dat daar groot kundigheid en ervaring opgesluit is in die Suid-Afrikaanse gemeenskappe, en dat die kundigheid tot beskikking is van die regering;
- Dat daar konstruktief deelgeneem word aan gesprekke en dialoog met regering maar dat dit nodig is dat dit nie net by gesprekke bly nie maar dat die doelwitte moet wees om positiewe uitkomst te verseker;
- Dat ons as verskillende gemeenskappe/minderhede bepaalde eie-belange bevorder maar dat ons wil meewerk aan sake van nasionale belang.
- Dat Suid-Afrika 'n land is met diverse mense en gemeenskappe en dat die diversiteit erken en gerespekteer moet word.

Die Afrikanerbond is bereid om mee te werk aan ons land se leuse wat tans nie tot volvoering kom nie, naamlik diverse mense verenig. Daarvoor is 'n hernude verbintenis van leierskap in regering sowel as die burgerlike samelewing nodig. Ook sal kleinlike politieke verskille opsy moet skuif. Om dit te kan doen, moet ons -

- 'n politieke atmosfeer ontwikkel wat nie op vrees vir oorheersing gewortel is, nie;
- die wydverspreide bestaan van rassevooroordele erken;
- die onmoontlikheid daarvan aanvaar om vooroordeel met behulp van wetgewing uit te roei;
- aanvaar dat kultuur- en taaldiversiteit 'n nasionale bate is wat 'n las sal word as dit geïgnoreer, gemarginaliseer of onderdruk word;
- die bitsigheid uit die gesprek oor diversiteit verwyder;
- ongedwonge blootstelling aan rasse- en kulturele diversiteit en deur gebalanseerde opvoedkundige en ontwikkelings-programme bevorder, en
- ophou om die opkomende geslag aan die hand van rasseoorwegings te straf vir die oortredings en houding van vorige geslagte.

Daar is sekere waardes, soos vertroue, respek en waardering en hoop onder alle Suid-Afrikaners wat aktief bevorder is sedert 1994 maar wat vervaag het in die politieke lawaai van ideologie en korttermyn politieke agendas.

Maar meer belangrik nog. Daar is sekere waardes, soos vertroue, respek en waardering en hoop onder alle Suid-Afrikaners, wat aktief bevorder is sedert 1994, maar wat vervaag het in die politieke lawaai van ideologie en korttermyn politieke agendas. Die Afrikanerbond plaas 'n groot premie op die soeke na die erkenning

van diversiteit. Daarom sal ons ook in die komende ruk werk maak daarvan en meehelp aan die soeke na oplossings vir diversiteit en die bevordering van gemeenskaplike belange van alle minderhede en 'n nasionale konsensus tot voordeel van Suid-Afrika. Eers as daar 'n einde kom aan onverdraagsaamheid jeens minderhede kan daar werklik gepraat word van eenheid. ❖

Nuwe termyn van die Nasionale Raad

Tydens 'n vergadering van die Nasionale Raad van die Afrikanerbond wat 23 – 24 Februarie 2017 buite Kuilsrivier in die Wes-Kaap gehou is, is Br Jaco Schoeman herkies tot voorsitter van die Afrikanerbond. Dit sal Br Jaco Schoeman se tweede termyn as voorsitter wees.

Die ander lede van die dagbestuur is Br Andries Domburg van die Paarl, wat as ondervoorsitter aangewys is en Br Meyer de Jager van Hendrina as lid van die dagbestuur.

Die Nasionale Raad vir die volgende drie-jaar termyn is soos volg saamgestel en gekonstitueer:

Mpumalanga	De Jager MG (Meyer)	Wes-Kaap	Rossouw WF (Willem)
Wes-Kaap	Domburg A (Andries)	Oos-Kaap	Schoeman JG (Jaco)
Gauteng-Suid	Du Plessis L (Louis)	Limpopo	Vorster P (Paul)
Gauteng-Noord	Nel PA (Phillip)	Vrystaat	Vorster PJ (Pieter)
Noordwes	Pieterse AJH (Braam)	Noord-Kaap	Wiese AT (Dries)
Natal	Vakature	Gekoöpteer	Ludick GM (Gavin)

Ons wens die lede van die Nasionale Raad sterkte toe in die groot taak op hande. ❖

Is privaatonderrig in Afrikaans haalbaar?

Tydens 'n gebiedsbyeenkoms van die Afrikanerbond, in Burgersfort in Mpumalanga op Saterdag 11 Februarie 2017 het Paul Colditz, Uitvoerende Hoof van FEDSAS gepraat oor Afrikaanse onderwys en was die versoek dat hy die vergadering toelig oor privaatonderrig.

Die aanbieding wat gemaak is het verwys na die pad wat geloop is met aanvanklike voorstelle oor onderwys vir die nagenoeg 33 000 onderwys instellings waarmee in die nuwe bedeling begin is, die witskrifte wat bepaalde voorstelle gemaak en vele meer. Die belangrikste punte wat hy egter uitgelig het, is dat die nuwe bedeling mettertyd die klem laat val het op die verantwoordelikheid van ouers, weg van die staat af. Daarom is dit foutief om te praat van staatskole en belangrik om die rol van beheerliggame te ken en te verstaan. Die klem moet val op openbare skole omdat die gemeenskappe die verantwoordelikheid geneem het om die skole te laat funksioneer. Die staat fouteer ook soms omdat daar verkeerdelik gemeen word dat die staat die alleen-verantwoordelikheid het vir skole. Daarom is dit verkeerd om te verwys na staatskole. Ons skole is almal openbare skole wat aan gemeenskappe die verantwoordelikheid en bestuur gee.

Vanuit die aanbieding: *“Ouers of voogde dra die primêre verantwoordelikheid vir die onderwys aan hulle kinders, en het die reg om deur die staatsowerhede geraadpleeg te word oor die vorm wat onderwys moet aanneem en om deel te neem aan die beheer daarvan. Ouers het 'n onvervreembare reg op keuse van die vorm van onderwys wat vir hulle kinders die beste is, veral in die vroeë jare van skoolonderwys, ongeag of dit deur die staat voorsien word, onderhewig aan redelike waarborge wat by wet vereis kan word. Die ouers se reg om te kies omvat die keuse van die taal en die kulturele of godsdienslike grondslag van die kind se onderwys, met inagneming van die regte van ander en die groeiende kind se reg om te kies.”*

Ouers het 'n onvervreembare reg op keuse van die vorm van onderwys wat vir hulle kinders die beste is.

Die ander drogredenasië waaronder Afrikaanse ouers verkeerdelik verkeer is dat Engelse onderrig die kind sal bevoordeel vir sy of haar toekoms. Die kind word absoluut nie bevoordeel nie. Dit is van kernbelang dat kinders veral in die grondslagfase in hul moedertaal onderrig moet ontvang. Dit is veral in die hedendaagse situasie dat swart kinders benadeel word in die onderwysstelsel, omdat hulle Engelse onderrig ontvang en nie die konseptualisering van begrippe in hulle eie taal ontvang nie. Dit kan slegs suksesvol wees as die kind ook by die huis, by sy ouers, en ander die geleentheid kry om Engels te versterk. Dit sal egter nie gebeur nie, ook nie in Afrikaanse huishoudings nie.

In kort kom dit daarop neer dat die staat, veral na die Mandela-era, sy verantwoordelikheid teenoor veeltaligheid geabdikeer het. Alles word in Engels gedoen. Dit moet veral gesien word teen die posisie wat Afrikaans tans beklee:

- 41% van Suid-Afrika se werkende bevolking is Afrikaanssprekend.;

(Vervolg op p4)

Is privaatonderrig in Afrikaans haalbaar? (verv)

- 15% van SA se bevolking is moedertaal Afrikaanssprekend;
- 31% van SA se bevolking kan Afrikaans lees en verstaan.

Wat is die situasie tans met Suid-Afrika se skole en skoolbevolking? Daar is tans 23 719 openbare skole in Suid-Afrika versprei oor die nege provinsies.

Tans is daar sowat 1855 onafhanklike (privaat) skole. In totaal word onderrig in openbare skole gegee aan 12 342 213 leerders met 380 284 onderwysers.

Die onafhanklike (privaat) skole het 590 352 leerlinge met 38 327 onderwysers.

Daar is tans 23 719 openbare skole in Suid-Afrika versprei oor die nege provinsies en sowat 1855 onafhanklike (privaat) skole.

Hoe lyk die Afrikaanse skole in die konteks?: (Dit moet bygevoeg word dat dit moeilik is om betroubare data deur te gee. Tans is daar 2489 Afrikaanse skole waarvan 1 274 enkelmedium Afrikaanse skole is.

Die provinsiale indeling is soos volg:

Oos-Kaap	345 Afrikaanse skole 173 enkelmedium Afrikaans. 5469 skole in totaal
Vrystaat	175 Afrikaanse skole 78 enkelmedium Afrikaans 1214 skole in totaal
Gauteng	261 Afrikaanse skole 137 enkelmedium Afrikaans 2083 skole in totaal
KZN	49 Afrikaanse skole 10 enkelmedium Afrikaans. 5895 skole in totaal
Limpopo	56 Afrikaanse skole 15 enkelmedium Afrikaans. 3867 skole in totaal
Mpumalanga	97 Afrikaanse skole 17 enkelmedium Afrikaans. 1725 skole in totaal
Noord-Kaap	306 Afrikaanse skole 184 enkelmedium Afrikaans. 545 skole in totaal
Noordwes	103 Afrikaanse skole 51 enkelmedium Afrikaans. 1471 skole in totaal
Wes-Kaap	1097 Afrikaanse skole 609 enkelmedium Afrikaans. 1450 skole in totaal

Die Wes-Kaap provinsie is die enigste provinsie waar die staat redelik konsekwent deur middel van die 3 streekstale sy kommunikasie hanteer, te wete Afrikaans, Engels en Xhosa. Vir die res kom die staat nie sy verpligtinge na nie. Ons moet dus nie op die staat reken of staatmaak nie.

Die bevordering van Afrikaans is gevolglik ons verantwoordelikheid. Die posisie en voortgesette beskerming van die inheemse tale gaan afhanklik wees van die voorbeeld wat ons stel en hoe ons Afrikaans beskerm en bevorder. Daarom is dit so belangrik om organisasies wat Afrikaans bevorder, te ondersteun. Ons moet ook ons eie individuele verantwoordelikheid nakom. Dit sluit in:

- Hou Afrikaans in die openbare domein,
- Maak Afrikaans 'n vriendelike taal.
- Moet Afrikaans nie afdwing nie of konfronteerend daarin wees nie;
- Ondersteun Afrikaanse instansies en organisasies.

Dit alles gesê, wat is dan die posisie van openbare onderwys teenoor privaatonderwys?

Openbare skole:

- Kyk na die voortgesette prestasie van Afrikaanse openbare skole, en dan veral die matriekuitslae.
- Ons moet alles in die stryd werp om dit te ondersteun en te handhaaf.
- Hou die 10% van ons skoolstelsel sterk. Dit is die Afrikaanse skole wat eilande van uitnemendheid is.
- Afrikaanse skole is nie wit skole nie. Die persepsie is verkeerd.

Privaatonderwys

- Privaatonderwys is duur en is nie die aller oplossing nie. Dit is 'n opsie maar moet nie die enigste opsie wees nie.
- Dit is slegs bekostigbaar vir 4% van die Afrikaanse bevolking. Dit is dus slegs die room van die bevolking.

(Vervolg op p5)

Is privaatonderrig in Afrikaans haalbaar? (verv)

- Die res van die Afrikaanse bevolking is afhanklik van openbare skole.
- Die vereistes vir akkreditering is moeilik en vol slaggate.
- Die staat is lugtig vir lisensies vir privaat skole.

Wees versigtig vir die persepsie dat privaat skole almal goed is. Privaat skole het 'n beeld van prestige, maar is nie noodwendig beter as openbare skole nie.

- Dit is 'n klein hoeveelheid privaat skole wat die onafhanklike Eksamenraad se eksamens skryf. Die res skryf die departementele eksamens (Die uitslae kan egter nie geëvalueer word nie) Wees dus versigtig vir die persepsie dat privaat skole almal goed is. Privaat skole het 'n beeld van prestige, maar is nie noodwendig beter as openbare skole nie

As ons moet privaatiseer:

- Kerke moet vennote wees want kerke beskik oor die fasiliteite.
- Ons moet bereid wees om sport en ander fasiliteite prys te gee,

want dit is duur en moeilik om privaat te bekostig.

- Dit sal 'n lewensstyl verandering meebring

Ons sal egter ook moet kyk na die funksionering van openbare skole:

- Konsolideer waar getalle nie skole regverdig nie. Primêre en sekondêre skole in die platteland sukkel om te oorleef. Hulle kan gesamentlik funksioneer.
- Ons demografie is oor die algemeen aan die afneem. Dit sal die bogenoemde stappe afdwing op ons gemeenskappe. Ons kan daarom nie selfsugtig optree nie.

Tydens die bespreking word oa die volgende genoem/ beklemtoon:

- FEDSAS kan en wil beheerliggame van skole bystaan met behoorlike funksionering. Dit sluit in behoorlike bestuur om korrupsie hok te slaan byvoorbeeld in aanstellingsprosesse. Daar is tans dispuut daaroor met SADOU en die departement.
- Die uiterste belangrikheid van uitbou en handhawing van goeie waardes en om die basiese dinge reg te doen.
- Oor 'n vraag oor tegnologie. Dat skole nie ten alle koste tegnologie moet aanvaar en implementeer nie. Dit moet beklemtoon word dat tegnologie toenemend belangrik word maar dat dit nooit die onderwyser in die klas sal vervang nie, want dit is onderwysers wat waardes vir kinders leer – masjiene kan dit nie doen nie. Dit het sy eie gevare as dit nie reg bestuur word nie.

Die fokus moet wees op waardegedrewe onderrig. Daar is baie gevare verbonde aan die ongekontroleerde en onverantwoordelike benutting van sosiale netwerke. ❖

GelykeKanse - Fondsinsameling vir Afrikaans

Die Afrikanerbond het die onderstaande skrywe vanaf adv Jan Heunis en dr Ebbe Dommisse ontvang. Dit handel oor die fondsinsameling van GelykeKanse vir die saak teen die Universiteit van Stellenbosch oor Afrikaans as akademiese taal. Dringende steun is nodig om hierdie aksie ter wille van die toekoms van Afrikaanssprekendes en inderdaad alle moedertaalsprekers van Suid-Afrika suksesvol te voer. As moedertaal (of huistaal, soos dit deesdae genoem word) toenemend afgeskeep word, gaan die sukkelende onderwysstelsel verdere ernstige probleme ondervind, soos die baie hoë uitsaksyfer en druipele reeds toon.

GelykeKanse se poging is dus in der waarheid 'n nasionale saak, en daarvoor moet ons op omvangryke steun staatmaak, nasionaal sowel as internasionaal.

Skrywe van GelykeKanse - Die jaar kan Afrikaans se noodlotjaar word as daar nie dringende en doelgerigte aksie kom om die aanslae teen Afrikaans as onderrigtaal aan universiteite die hoof te bied nie. Daarom word GelykeKanse se veldtog om Afrikaans as onderrigtaal te behou en ontwikkel met 'n omvattende fondsinsameling uitgebrei.

Hoewel 'n paar universiteite in Suid-Afrika voorheen Afrikaans as voertaal gebruik het, het die een na die ander die afgelope ruk verengels. Onlangs het die Universiteit Stellenbosch 'n beleid aanvaar wat Afrikaans en Afrikaanse studente as minderwaardig behandel en Engels tot die oorheersende doseertaal en administratiewe taal verhef. Mnr. Jannie van der Westhuizen, Rektor van Paul Roos Gimnasium, het uit die US Raad bedank omdat die beleid gelyke status vir Afrikaans en Engels kategorieë verwerp en selfs nie eens die huidige aanbod van Afrikaans wil waarborg nie.

(Vervolg op p6)

GelykeKanse - Fondsinsameling vir Afrikaans (verv)

Die uifasering van Afrikaans gebeur ondanks die feit dat daar reeds in die Wes-Kaap – die bakermat van Afrikaans, met 'n meerderheid Afrikaanssprekendes – drie ander Engelse universiteite bestaan.

Dr Anton Rupert het klinkend daarop gewys: “Ons het twee oorspronklike en belangrike bydraes tot die wêreld-kultuur gelewer: ons unieke Kaaps-Hollandse argitektuur en die lewenskragtige, soepele Afrikaanse taal.” En hy het gewaarsku: “'n Volk wat sy kultuurskatte verwaarloos, ondermyn sy eie beskawing en saai self die saad van sy agteruitgang.”

“'n Volk wat sy kultuurskatte verwaarloos, ondermyn sy eie beskawing en saai self die saad van sy agteruitgang.” Dr Anton Rupert

Die skade wat die US se taalbeleid na verwagting aan Afrikaanse skole gaan doen, kan vernietigend wees. Daar sal toenemend 'n aandrang wees dat Afrikaans reeds op hoërskoolvlak deur Engels as voertaal vervang moet word aangesien die US nie meer 'n volle Afrikaanse aanbod maak nie.

Daar is al oor en oral bewys dat die beste skoling moedertaal-onderdig is. Opvoeding in die moedertaal anker die kind in sy gemeenskap, en bied hom of haar 'n vertroude wegspringplek in die proses van volwassewording. Moedertaal staan dus sentraal in gemeenskapsontwikkeling. Dit beteken nie dat kennis van ander tale waardeloos is nie; net dat moedertaal van kardinale belang is.

Moedertaal-onderwys verg moedertaal-vaardige onderwysers. Hierdie vaardigheid ontwikkel hulle in hul opleiding by ons universiteite en kolleges. Hierdie argument is net so geldig vir talle ander beroepe, soos die opleiding van medici, wat hul pasiënte moet verstaan, regsgeleerdes in hul praktyk en in die howe, handelaars in sakeondernemings en so meer.

As verengelsing voortduur, sal ons skole nie meer in-moedertaal-opgeleide onderwysers kry en sal die studerende jeug nie meer in hul moedertaal onderrig kan word nie. 'n Effektiewe mono-kultuur sal die samelewing verswak en laat agteruitgaan. Die meerderheid moedertaal-sprekers in Suid-Afrika - mense wat ander tale as Engels gebruik - sal op hierdie manier afgedruk word in 'n situasie van tweedeklas burgerskap. 'n Baanbreker-studie van Unesco oor moedertaal-onderdig in Afrika het juis bevind dat die gebruik van die voormalige koloniale tale slegs die elite baat en die oorgrote deel van Afrika se bevolkings benadeel. Dit is een van die vernaamste oorsake wat ontwikkeling in Afrika strem.

Ons het 'n kragtige saak vir moedertaalonderwys, gerugsteun deur talle deskundige voorleggings. In die geval van die US, wat selfs sy stigtingsvoorwaardes verwerp, is dit gebiedend dat sy nuwe taalbeleid deur die howe ongeldig verklaar moet word. Om hierdie rede het ons die beweging **GelykeKanse** gestig, waarvan die lede pas 'n grondwet aanvaar het.

Ons eerste mikpunt is om R1 miljoen in te samel om deur middel van 'n hofuitspraak die US te dwing om gelyke behandeling aan Afrikaans en Engels as voertaal en kommunikasietaal te gee. Ons werf ook fondse vir die groter taak om die opleiding te verseker van onderwysers wat doeltreffend in Afrikaans-medium kan skoolhou en om behoeftige kinders te help wat in Afrikaans verder wil studeer.

Hiervoor het ons jou steun nodig sowel as die steun van honderde oud-Maties asook alle ander goedgesindes vir ons fondsinsameling, 'n veldtog wat landwyd en internasionaal gevoer word. Dit geskied onder die vleuels van GivenGain, met sy Suid-Afrikaanse hoofkantoor op Stellenbosch, wat vir die doel die **Stellenbosch-Antwerp Trust** gestig het.

As verengelsing voortduur, sal ons skole nie meer in-moedertaal-opgeleide onderwysers kry en sal die studerende jeug nie meer in hul moedertaal onderrig kan word nie.

Daar is drie groepe van skenkers:

- **KLINKERS** - 'n Klub van Honderd, wat reeds begin het om elkeen R10 000 by te dra. Hoekom KLINKERS? Omdat A,E,I,O,U staan vir: Afrikaans, Erfenis, Inklusief, Omgeetaal, Uniek.
- **KONSONANTE** - 'n Groep van Tienduisend, wat R1 000 elk of R100 per maand vir 'n jaar bydra.
- **STAATMAKERS** - skenkings van R250 of R500 of eie keuses.

Alle bydraes is welkom vir hierdie besondere verdienstelike saak. Enige persoon kan ook onder die drie kategorieë “anoniem” skenk. Die bankbesonderhede is:

(Vervolg op p7)

GelykeKanse - Fondsinsameling vir Afrikaans (verv)

Naam: Stellenbosch-Antwerp Trust
Bank: ABSA, Stellenbosch
Taknommer: 632005
Tjekrekening: 40-7258-3303

Donateurs kan ook vinnig en maklik hul skenkings aanlyn opstel op die bankveilige GivenGain-donasieblad, vanuit hul SA bankrekening of kredietkaart.

Loodskomitee: Willa Boezak, Danie Marais, Abraham H de Vries, Abraham Phillips, Ebbe Dommisse, Hermann Gilliomme, Rhoda Kadalie, Danie Rossouw, Philip Spies.*

*Onder die bekendes wat GelykeKanse se beswaarskrif onderteken het, tel Nobelpryswenner J M Coetzee, Breyten Breytenbach, oud-pres. F W de Klerk, premier Helen Zille, lord Robin Renwick, Flip Smit, Dele Olojede, regter Fritz Brand, Sonja Loots, John Miles, Ampie Coetzee, Tony Leon, Eno Adams, Sarina, Tan Twan Eng, Dominique Enthoven, Theuns Eloff, R W Johnson, Rolanda Marais, Anton Goosen, Brendan Peyper, Dave Pepler, Marié Heese, John Cartwright, Sarah Theron, Albert Maritz, Dorothea van Zyl, Dan Sleigh, Deon Geldenhuys, Dine van Zyl, Francis Galloway, Frans Marx, Clive Keegan, Laurinda Hofmeyr, Danie van Wyk, David Welsh, Herman Binge, John Kane-Berman, Eloïse Wessels, Paul Colditz, Douglas Gibson, Dave Dalling, Theo du Plessis, Tertius Kapp, Elsa Joubert, Charles J Fourie, Pieter Louw. (Sien lys van meer as 4 000 name by <http://gelykekanse.com>)

Na deeglike oorweging en bespreking het die Nasionale Raad van die Afrikanerbond besluit om 'n bedrag van R50 000 aan GelykeKanse te bewillig. Ons het GelykeKanse diensooreenkomstig ingelig. Verder meer het die lede van die Nasionale Raad ook individueel en persoonlike fondse bewillig. Die Gebied Wes-Kaap van die Afrikanerbond het vanuit sy beskikbare fondse 'n verdere R10 000 bewillig vir die saak wat die steun van ons lede en afdelings verdien en het lede van die Wes-Kaap se gebiedsbestuur ook individueel en persoonlike fondse geskenk. Die uitdaging word tot lede en afdelings gerig om steun te verleen aan die baie belangrike saak. ❖

Watter demokrasie het ons nou?

Jan Bosman, Hoofsekretaris

Verskeie uitsprake die laaste ruk in die Staatsrede, die debat wat gevolg het, maar ook met ander standpunte deur mnr Zuma, van sy ministers en lede van die regerende party skep rede tot kommer.

“Alles in ons vermoë doen om geregtigheid, billikheid en die hoogste etiese en morele waardes in Suid-Afrika te bevorder.”

Die Afrikanerbond se vertrekpunt vir interaksie met die regering en met die politieke partye van Suid-Afrika was nog altyd vanuit die begronding dat ons lojale Suid-Afrikaners is en is ons gelei binne ons visie As Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid-Afrika.

Binne ons werksaamhede en aktiwiteite word die Afrikanerbond ook gelei deur ons Credo wat onder andere die volgende stel: *“Dat die Afrikanerbond waar nodig en toepaslik, saamwerk met die owerheid en staatsinstellings op alle vlakke en met alle patriotiese organisasies in die*

burgerlike samelewing om gemeenskaplike doelwitte te bereik.

Omdat ons ook glo en oortuig is dat “die aard en wese van 'n ware demokratiese staatsbestel beskerm en bevorder en enige ondemokratiese aspekte en neigings met mening bestry; en alles in ons vermoë doen om geregtigheid, billikheid en die hoogste etiese en morele waardes in Suid-Afrika te bevorder.”

Ons het nog altyd deur ons bestaan, in verskeie politieke bedelings, goeie interaksie en skakeling gehad met regeringsleiers en met die nuwe bedeling wat op 27 April 1994 tot stand gekom het, het ons uit ons pad gegaan om dieselfde goeie verhouding en werkswyse met leiers van regering te vestig en in stand te hou. Die Afrikanerbond se verbintenis tot ons grondwetlike demokrasie is telkens gestel in openbare standpunte, maar veral dan ook in ons interaksie met mnr Zuma en sy voorgangers in die nuwe grondwetlike bedeling. As organisasie in die burgerlike samelewing is ons verbintenis tot die grondwet en die waardes soos vervat in die grondwet ons vertrekpunte en daarom dan ook ons doelstelling in ons Credo dat ons saam met die owerheid en staatsinstellings op alle vlakke sal saamwerk.

(Vervolg op p8)

Watter demokrasie het ons nou? (verv)

Wanneer die president se optrede en uitspraak soos pas weer bewys is met sy Staatsrede en repliek sowel as die paniekerige reaksie van verskeie ministers en lede van die regerende party indruis teen ons standpunte en vertrekpunte, dan moet ons begin bekommerd raak oor die lippetaal ter bevordering van die grondwetlike demokrasie en wanneer dit gaan oor beginselsake en waardes dan is mnr Zuma se optrede en aksies lynreg in konflik met sy ampseed.

Dit is duidelik dat witmense, grond en eiendomsreg oor die algemeen opgestel word as teikens om die aandag af te lei van grootskaalse paniek binne die regering en die onvermoë om te regeer.

Net soos baie ander was ons bereid om mnr Zuma 'n geleentheid te bied en saam te werk in sake wat in belang van Suid-Afrika is. Dit het egter mettertyd geblyk dat mnr Zuma in persoon eiehandig besig is om Suid-Afrikaanse samelewing te verdeel en dat sy aksies en optredes 'n gevaarlike roete is vir die land en die grondwetlike demokrasie. Suid-Afrika het staatsmanskap nodig, nie ondeurdagte en verdelende uitsprake of optredes nie.

Die toenemende verdagmakery oor grondbesit en eiendomsreg laat rooi ligte flikker. Dit is duidelik dat witmense, grond en eiendomsreg oor die algemeen opgestel word as teikens om die aandag af te lei van grootskaalse paniek binne die regering en die onvermoë om te regeer. Tereg kan die vraag gevra word of die onrusbarende toename in plaasaanvalle nie teruggevoer kan word na politieke retoriek en opruiende stellings en standpunte nie.

Ons sien daaglik hoe korrupsie die staat stroop van sy vermoë om hulpbronne aan te wend tot voordeel van die mense van Suid-Afrika. Ons sien hoe misdaad sy tentakels inslaan in elke sfeer van die samelewing en ons sien hoe kader-ontplooiing die korttermyn politieke belang van individue bevorder en dat meriete en uitnemendheid in die slag bly. Grondwetlike waardes en beskermende maatreëls in die grondwet word telkens getoets.

Transformasie het apartheid vervang as die allesoorheersende ideologie. Dit kom weer neer op maatskaplike of sosiale manipulasie. Dit neem nie beste uit Suid-Afrikaners en bou daarop die land nie. Veel eerder is dit daarop ingestel om die politiek, hulle meelopers en hulle party te bevorder. Daardeer word opnuut weer 'n rassamelewing geskep en word sommige groepe bevoordeel ten koste van ander. Mense se menswaardigheid kom weer in gedrang.

Die reaksie op hierdie ontmagtiging verskil van ontnugtering, teleurstelling, woede en verzet. Dienslewering proteste, xenofobie en die interne woelinge in die ANC is die direkte gevolge hiervan. Afrikaners se belewenis is dat die regering deur transformasie gedwonge assimilasië in 'n bepaalde bedeling wil forseer en Afrikaners begin al meer onwillig raak om aan die eksperiment onderwerp te word.

Boonop vind al bogenoemde plaas in 'n tweestaatlike toepassing waarvan Afrikaners bitter min verstaan. Afrikaners ken en verstaan die toepassing van die staat in 'n Westerse konteks. (Geografie, burgers, demokrasies, verkiesings)

Direk hierteenoor en in konflik met ons verstaan en uitlewing van die demokrasie staan die voorstaatlike kondisie, Patrimoniale netwerke (Belange groepe magsgroepe mag en voordele, faksies, mafia-agtig) Aldus prof André Duvenhage van NWU.

Ons het op grond van bogenoemde en met inagneming van internasionale praktyke vyf spesifieke voorwaardes vasgelê wat moet geld alvorens 'n demokrasie as gekonsolideerd beskou kan word, naamlik:

- 1) 'n Vrye en sterk burgerlike samelewing.
- 2) 'n Outonome "politieke samelewing" met genoegsame "samelewings beheer" oor die strukture van die staat.
- 3) Alle politieke akteurs is onderworpe aan die oppergesag van die reg wat burgerlike vryhede beskerm.
- 4) 'n Deursigtige, verantwoordelike en funksionerende staats-administrasie.
- 5) 'n Gevestigde en geïnstitusionele ekonomie waarin 'n mark-ekonomie en die privaatbesit van produksie-faktore prominent figureer.

Afrikaners se belewenis is dat die regering deur transformasie gedwonge assimilasië in 'n bepaalde bedeling wil forseer en Afrikaners begin al meer onwillig raak om aan die eksperiment onderwerp te word.

(Vervolg op p9)

Watter demokrasie het ons nou? (verv)

Ons probeer vashou aan dit wat in 1994/6 bereik is. Die politieke skikking en dit wat daarop gevolg het word in die laaste paar jaar ongedaan gemaak. Dit plaas ons toenemend voor die volgende keuses. Ons kan dan nou:

- 1) of meegesleur word en saamloop en oordrewe politieke korrek wees. Dit is ongelukkig waar baie kommentators hulself bevind.
- 2) terugtrek in 'n dop en vir die eie ek sorg, wat in Suid-Afrika met sy diversiteit nie sinvolle oplossings bied nie;
- 3) laers vorm en met aggressie begin teenstand bied met geen idee van die uiteinde nie.
- 4) of ons moet voortgaan met die soeke na oplossings, 'n balans, binne 'n geïdentifiseerde konteks waarbinne ons wel rol speel om sinvolle uitkomst te verseker. Dit kan ons slegs doen met die wete en aanvaarding van die eie identiteit!

Ongeag watter keuse ons uitoefen is die vraag nie meer of die regerende party sy leier kan bekostig nie. Die vraag is eerder of Suid-Afrika en sy brose grondwetlike demokrasie veel langer die president kan duld? Die soeke na oplossings sluit in my persoonlike mening enige behoud van die Zuma faksie uit. Is dit onverantwoordelik om die stelling te maak? Ek meet die stelling aan die hand van die volgende aanhaling uit die 1986 dokument van die Afrikaner-Broederbond Basiese Staatkundige voorwaardes vir die voortbestaan van die Afrikaner "*n Christelike toets vir regering is sekerlik daarin geleë dat 'n regering in die algemene belang van al sy onderdane regeer. Hy mag nie sommige bevoordeel ten koste van ander nie. Hy moet in gelyke mate billik en regverdig oor al sy onderdane regeer. Daarby moet die grondwet op sigself aan die eis van geregtigheid voldoen.*" ❖

Hoe om ideologie te verstaan

Die term ideologie is in die verlede dikwels in 'n negatiewe sin gebruik. Vandag egter word dit meer algemeen aanvaar vir die beskrywing van politieke denkraamwerke of paradigmas. Ideologieë sluit in konstruksies soos liberalisme, sosialisme, kommunisme, fascisme, nasionalisme, ens. Die doel van hierdie bondige gedagtes is egter nie om die inhoud van die ideologieë te bespreek nie, maar om te kyk na ideologie as verskynsel.

Wat is 'n ideologie? Daar is verskillende definisies, maar daar word volstaan met die volgende: 'n ideologie is 'n politieke denkraamwerk bestaande uit die volgende elemente:

- 'n evaluasie van die bestaande politieke orde;
- 'n visie van hoe die politieke orde behoort te lyk; en
- 'n siening oor hoe verandering moet/kan geskied.

Dit dring die vraag na vore: Het Afrikaners 'n duidelike beeld van dit wat hulle wil hê in terme van bostaande drie elemente? Het ons 'n uitgestippelde "Groot Gedagte" waarna ons strewe?

Evaluasie van die bestaande orde. Diagnoses van wat verkeerd is in die land word gereeld gepubliseer. Organisasies soos die Instituut vir Rasseverhoudinge, die FW de Klerk Stigting, Solidariteit en sy filiale, die Helen Suzman Foundation en talle ander bring gereeld wanbestuur en wandade onder aandag. Onderzoekende joernaliste lewer belangrike bydraes terwyl akademië en navorsers van hulp is met uitstekende besinnings oor die huidige stand van sake. In hierdie verband is boeke soos die van Theuns Eloff (*Wat nou Suid-Afrika*) en Frans Cronje (*A Time Traveller's Guide to our Next Ten Years*) van waarde.

Die uitdaging vir 'n indringende besinning oor die toekoms is die identifisering van die werklike dryfkragte en leemtes in die huidige situasie wat kan uitspeel in die toekoms. Dit help nie om bloot te kyk na dit wat dag-tot-dag verkeerd gaan nie, maar om 'n in-diepte siening te ontwikkel wat nodig sal wees om die verlangde verandering te bewerkstellig.

Dit help nie om bloot te kyk na dit wat dag-tot-dag verkeerd gaan nie, maar om 'n in-diepte siening te ontwikkel wat nodig sal wees om die verlangde verandering te bewerkstellig.

Weet ons wat die worteloorzaak is wat ons op die langtermyn moet aanspreek? Weet watter veranderlikes 'n rol kan speel in toekomstige verwickelinge? Die vraag is, het ons ons eie scenario waarop ons toekomstige optrede kan bou?

(Vervolg op p10)

Hoe om ideologie te verstaan (verv)

Vir die beoordeling van die huidige situasie sowel as besinning oor 'n toekomstige bedeling, is 'n prinsipiële vertrekpunt (denkraamwerk) van uiterste belang? Het ons dit?

'n Visie vir die toekoms? Die noodsaak vir 'n duidelike doel behoeft geen verdere betoog. Die vraag is, het ons dit? Weet ons wat dit is waarna ons strew, wat ons wil bereik? 'n Groot Gedagte? Waar is dit duidelik uitgespel? Is dit – die uitwerk van 'n visie - nie die uitdaging vir die toekoms nie?

Hoe moet ons dit bereik? Jare gelede het die ANC hulle tot geweld as veranderingsmeganisme gewend. Prinsipiël is dit nie vir ons aanvaarbaar nie. Prakties is dit ook 'n pypdroom. Die pad wat ons wil loop is die konstitusionele weg.

In die jare voor 1990 is die Afrikaner deurlopend gewaarsku teen 'n veelheid gevare. Daar was die Rooi gevaar, die Geel gevaar, die Swart gevaar, die Roomse gevaar en les bes, die gevaar van die Liberalisme.

Wat in hierdie verband egter belangrik is, is die strategie wat gevolg moet word om die verlangde verandering te bewerkstellig. 'n Strategie word bepaal deur eerstens 'n lesing van die heersende situasie; tweedens 'n duidelike uitstippeling van die doel wat bereik moet word; en ten derde 'n bepaling van die strategie wat gevolg moet word na oorweging van die magsmiddele en magshefbome waarvoor beskik word en 'n evaluasie van die opponente se

sterk en swak punte.

Lede van die Afrikanerbond ontvang eersdaags 'n nuwe besprekingsdokument wat deur Br Johan Mostert vir ons opgestel is. ***“Politieke denkstrome – 'n Soeke na Rigting.”*** 'n Deeglike ontleding is weer nodig om met gesag te kan praat oor die verskillende denkstrome wat ons tans in Suid-Afrika sien en wat die Afrikaners direk raak. Heel interessant is die inleiding tot die dokument wat die konteks stel vir die bespreking verder aan: “In die jare voor 1990 is die Afrikaner deurlopend gewaarsku teen 'n veelheid gevare. Daar was die Rooi gevaar, die Geel gevaar, die Swart gevaar, die Roomse gevaar en les bes, die gevaar van die Liberalisme. Kongresse en openbare besprekings is gehou om Afrikaners in te lig en te waarsku teen hierdie aanstuwende bedreigings. In die skole, vanaf kansels, deur die SAUK, op politieke verhoë, ja, oraloor is die boodskap gehoor: Pasop! Hierdie bedreigings is die dood in die pot. Dit gaan die ondergang van die Afrikaner bewerk.” “Waar staan ons nou? Die geskiedenis het sy ironiese loop geneem. Die Swart gevaar is tans die regering van die land, die Rooi gevaar is deel van die kabinet en om alles te kroon word ons staatsfinansies deur 'n lid van die Kommuniste-party beheer, die Geel gevaar het verander van 'n ideologiese en demografiese gevaar tot 'n bedreiging van werksgeleentheid, en die Roomse gevaar het stil-stil van die radarskerm verdwyn.”

“Sou iemand ons vra, wat is die ideologie of denkraamwerk van die Afrikaner? Wat sal ons antwoord? Liberalisme was nog nooit dit waarmee die Afrikaner homself vereenselwig het nie. So ook nie die sosialisme nie. Die derde van die drie groot ideologieë, die konserwatisme, was eerder die denkingesteldheid waarmee baie Afrikaners hulleself vereenselwig het, maar onmiddellik is die vraag: konserwatief ten opsigte van wat? Die behoud van wat? Nasionalisme wat in die verlede rigtinggewend was, is gediskrediteer as synde rassisties en 'n verskansing van wit bevoorregting. Dus geen teruggryp daarheen nie.”

“In die na-1994 era word Suid-Afrika se nuwe staatkundige bedeling as 'n liberale demokrasie getipeer. Daar is egter bedenkinge of die liberale vertrekpunt, hoeveel meriete dit ook al mag hê, volkome geskik is vir die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse kultuurverskeidenheid; kultuurverskeidenheid synde die groot politieke vraagstuk in ons land. Die heersende omstredenheid rondom die Grondwet is aanduidend van die problematiek. Aan die een kant word gemeen dat die Grondwet nie voldoende beskerming bied aan minderhede nie, en aan die ander kant word gemeen dat die Grondwet 'n uitverkoop aan die liberale Weste is en grootliks tot voordeel van witmense strek. Die rede vir hierdie twyfel aan beide kante van die spektrum, is die grondliggende uitgangspunt van die liberalisme, naamlik, dat die fokuspunt van die sosiale orde die outonome individu is. Aan die nader kant staan die siening van die mens as sosiale wese en waar die fokus geplaas word op die groep, nie die individu nie.”

Nasionalisme wat in die verlede rigtinggewend was, is gediskrediteer as synde rassisties en 'n verskansing van wit bevoorregting. Dus geen teruggryp daarheen nie.

Ons glo die besprekingsdokument ***“Politieke denkstrome – 'n Soeke na Rigting”*** wat vroeg in Maart versprei sal word, sal voldoende ruimte verskaf vir lewendige gesprek maar ook om met gesag te kan praat oor die huidige politieke denkstrome in Suid-Afrika en hoe die internasionale neigings ook reflekteer op die denke in Suid-Afrika. ❖

Brokkies en geleenthede

Die geskiedenis van fisika in Suid-Afrika

Die Afrikanerbond is versoek om Prof Pieter Wagener se pragboek oor die Geskiedenis van Fisika in Suid-Afrika. en sy belangrike rolspelers, aan ons lede bekend te stel. Die boek wat hy self uitgegee se naam is: **A History of Physics in South Africa** en strek oor meer as 400 bladsye. Prof Pieter Wagener doseer tans Toegepaste Wiskunde by Fort Hare Universiteit en is ook 'n bekroonde kortverhaalskrywer in Afrikaans.

In die interaksie met Prof Wagener het hy aangedui dat hy verstom is oor die groot getal Afrikaners uit nedere plaasskole en klein dorpieë wat so 'n groot rol in die ontwikkeling van Fisika in Suid-Afrika gespeel het.

Prof Wagener skryf voorts: "Die boek is volume 1 en volume 2 sal einde volgende jaar gereed wees. Die meeste van die fisici genoem in die boek se paaie het met myne gekruis. Hulle was, en is, briljant. Ek dink veral aan die betrokkenes by ons uraanverrykingsproses, waarvan ek die leiers persoonlik geken het. Hul prestasies verskyn in Vol 2."

"Ek is gemotiveer deur 'n vrees dat die fisici en hul prestasie verlore sou gaan. Dit is ook my huldeblyk aan hulle. Die meeste fisici het in klein dorpieë of op plase grootgeword. Twee beroemdes, Jan van der Merwe en Wally Grant, was kinders van die Dorslandtrekkers. My neef Erik, wat grootliks aan ons eerste siklotron gewerk het, se ouers was onderwysers van die Trekkers. Erik het skool gegaan in Calitzdorp en het een van die top fisici in die wêreld geword. En so kan ek voortgaan. Ek moet darem vir Meiring Naudé en Hendrik van der Bijl noem, albei getoë in die platteland en albei genomineer vir Nobelpryse."

"Die boek kos R650-00, maar ek probeer om 'n goedkoper versending te vind. Postnet vra R100 per boek. Andersins reis ek vroeg volgende jaar noordwaarts om die boek langs die pad bekend te stel en af te lewer. Ek woon in Fort Beaufort en die boek kan direk bestel word by pcwgener@axxess.c.za" ❖

4 x 4 Geskiedenis toer

Beste Vriend,

Olievenhoutpoort Afdeling in Randburg beplan 'n begeleide geskiedkundige 4x4 toer na die Harrismith, Kerkenberg en Geluksburg area 20 – 23 April 2017. Ons gaan gebiede besoek wat doenig was tydens die trek en die Anglo-Boere oorlog. Die aankoms en deel van die roete van die Piet Retief geselskap met aankoms in Natal, en ook die stigting van die dorpie Geluksburg uit die Verloreenvlei.

Hierdie is 'n toer deur die geskiedenis om die verskillende strategieë van die Boere en Engelse gedurende die Anglo-Boereoorlog in nabetrugting te neem terwyl ons in 4x4 die strategiese plekke bekyk. Heelwat van die Voortrekkers se plekke en planne vir ons baie duideliker word omdat ons hulle hindernisse en omstandighede baie beter sal verstaan.

Die toerleier is Francois Rossouw van RSG 4x4 en hy kry 'n geskiedkundige van Harrismith wat saamry om te vertel oor die geskiedenis. Die toer is beperk tot 20 voertuie en is oop vir AB lede en belangstellendes. *Uittreksel uit program vir dag 2: :Hiervandaan ry ons tot by die persele waar die Engelse hulle barakke en perdestalle gehad het. Die reservoirs en pypleidings is nog heel duidelik. Dan ry ons die Donkiespas uit tot bo op Platberg reg bo Harrismith waar die dam wat die Engelse daar gebou het om hulle water te voorsien en vandag nog gebruik word, te sien.. Daar is ook 'n kleinerige meer wat lyk of dit 'n krater kon wees wat nou vol water is reg bo op die berg.*"

Vir persone wat die toer wil meemaak maar nie oor viertrek voertuie beskik, sal daar gereël word met ander lede van die groep vir saamry geleenthede waar viertrek voertuie benodig word.

Plek is beperk en verneem ons graag van u indien u die toer wil meemaak. Die **sluitingsdatum vir besprekings 15 Maart 2017**. Kontak vir Susan Coetzer-Smit vir meer inligting (011 792 6296) of e-pos adres mwjohmak@iafrica.com of deur middel van sms of "WhatsApp" boodskappe na 0823443116.

Groete

Willem Boshoff

Voorsitter: Olievenhoutpoort Afdeling ❖

Brokkies en geleenthede

KKNK Ontbyt

Soos die gebruik vir baie jare is, sal die KKNK ontbyt weer gedurende die kunstefees op Oudtshoorn plaasvind. Die ontbyt sal plaasvind:

Datum: 14 April 2017

Tyd: 07:30

Plek: Welgeluk NG Kerkzaal, Parkweg-Suid, Oudtshoorn.

Koste: R120 per persoon. Enige wins sal oorgedra word na ROF.

Spreker: **Adv. Jan Heunis**, Voorsitter van die Konvokasie van Stellenbosch.

Gee asseblief terugvoer aan Schalk van Vuuren, tel: 083 628 7900 of Willem Knoetze, tel: 082 408 6769 of Deon Joubert, tel: 083 458 0706 indien u die ontbyt gaan bywoon. Hierdie ontbyt is 'n moet op die KKNK besoeker se program. Ons sien uit daarna om u in Oudtshoorn te ontmoet.

Vriendelike groete

Deon Joubert ❖

Vrugtefees 2017 - Uitnodiging

Meeste ekonomieë in die wêreld het sedert die begin van hierdie eeu die fiskale voorbeeld van kwantitatiewe verruiming ("QE") van die VSA begin volg. Staatskuld van lande het al so groot geword dat dit nie meer moontlik is om dit ooit te kan delg nie. Dit sluit amper alle ontwikkelde lande in soos bv. VSA, Engeland, Europa, Skandinawië en Japan.

Die skaal en omvang van hierdie probleem is ongekend in die wêreld geskiedenis en vir millennia reeds het alle geldstelsels in die wêreld wat oormatige krediet geskep het, sonder uitsondering almal tot niet gegaan. Daar is winde van verandering wat begin waai om die status quo polities en ekonomies ingrypend te verander. Internasionale mediaberigte sien dit as globaal en anti-outeoritêr met sterk standpunt inname teen globalisasie en teen globale kapitaal se ekonomiese en politieke infrastruktuur. Gewelddadige gemeenskap- en studenteproteste word gebruik om sukses te behaal. Volgens kommentaar in die media begin dit al meer openbare legitimiteit verkry in bv. Brexit, die Trump-verskynsel in VSA, regse opkoms in Europa en protesoptogte in Asië. Onlangse gebeure in die Suid-Afrikaanse politiek en parlement toon duidelike ooreenkomste daarmee.

Daarom word u genooi na die Swartland Vrugtefees:

Plek: **OLOK-saal, Hoërskool Swartland sportkompleks, Malmesbury**

Datum: Saterdag 25 Maart 2017

Tyd: 09:30 vir 10:00

Gasspreker: **Prof. André Roux:** Voordrag en vrae.

Middagete: Vinger-ete en vrugte.

Registrasie R50 per persoon, vooruit betaalbaar.

Prof. Roux is 'n ekonoom en toekomskundige en gaan 'n ontleding gee van die ontluikende tendense, dit deurtrek na die SA ekonomie en dan scenario's gee van wat moontlik in SA verwag kan word. Dit is belangrik om kennis te neem van hierdie tendense wat bepalend kan wees vir persoonlike langtermyn finansiële beplanning en belegging.

Betaling per EFT voor of op **18 Maart 2017** bevestig u bespreking.

BANKBESONDERHEDE

Rek Naam: S.J.Coetzee

Bank :ABSA, Takkode: 632005, Rek Nr: 9053410027

Verwysing: VRUGTEFEES E-POS : siebertcoetzee@gmail.com

Ons ontvang u graag in die Swartland

Siebert Coetzee: VOORSITTER: SWARTLAND – AFDELING ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond

hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190